| Leer om te luister! | Omgeegroepe | 22-28 November 2015 |
|---|---|---|

**1. Lief en leed -**Deel met mekaar julle lief en leed asook wat jou Sondag met die eredienste getref het.

**2. Ingenooi in God se rus en tyd –**Dank God dat Hy hier en nou by ons teenwoordig is! **Loof Hom ook vir die lieflike reën wat Hy in antwoord op ons gebede vir ons gegee het** – 'n genadegawe uit God se hand!

**3. Luister na God se Woord –** Lees Esegiël 2:8-3:17. Esegiël is 'n baie interessante boek, vol simboliek en apokaliptiek. Esegiël was 'n profeet in die tyd van die Babiloniese ballingskap wat aan die ballinge asook die mense wat in Juda/Judea agtergebly het, die wil en woord van God moes verkondig. In die eerste drie hoofstukke van die boek lees ons van Esegiël se roeping deur God. Wat val julle op in hierdie gedeelte? Watse emosies maak dit in julle wakker – is dit rustige emosies, of ontstellend en hoekom?

**4. Luister na mekaar en die wêreld –** Praat oor hoe goed mense deesdae luister. Is mense nog bereid om te luister – na God, na mekaar, na ander, of is dit elkeen vir homself en die duiwel vir die res? Hoe bereid is jy om te luister en regtig te hoor (verstaan) wat mense en God vir jou sê? Het ons nog 'n leerbare gees?

**5. Luister nou weer na die Woord –** Lees nou weer Esegiël 2:8-3:17. Esegiël kry by God die waarskuwing om nie weerbarstig (hardkoppig) te wees nie en die opdrag daarom te eet wat die Here vir hom voorsit. Soos 'n stout kind wat nie wil eet wat sy ma opskep nie. Maar die Here sit vir hom 'n treurige boekrol voor, aan albei kante volgeskryf met hartseer liedere en krete – klaagliedere, smartroepe en treurliedere sê Hoofstuk 2:10. Esegiël was sekerlik nie baie lus vir hierdie hartseer boekrol nie, daarom beveel die Here hom drie maal om die boekrol te eet. En, ironies genoeg was die bitter boekrol so soet soos heuning in Esegiël se mond! En dan kom die roeping van Esegiël weereens na hom, maar dis nie 'n gemaklike roeping nie. God stuur hom na 'n weerbarstige, moedswillige en hardkoppige volk wat nie eens na God wil luister nie, wat nog van na Esegiël? Maar die Profeet moes na God luister en onthou wat God vir hom sê! Die Here maak hom net so hardkoppig en onversetlik en gee aan hom die opdrag om sy woord te verkondig, of die mense nou luister of nie. En dan neem die Heilige Gees besit van Esegiël op 'n harde, ontstellende manier en gaan Esegiël swaarmoedig en ontsteld na die ballinge by Tel-Abib by die die Kebarrivier. En wat doen Esegiël? Hy gaan sit sewe dae verskrik en ontsteld, ontmoedig en ontredderd tussen die ballinge en luister! Luister na die pyn en smart en verlange van sy volksgenote – luister na die smartkrete, treurliedere en klaagliedere wat hy op die boekrol al geëet het. Eers dan kom God se woord tot hom wat hom aanstel as wag oor Israel met die opdrag dat hy moet LUISTER!

**6. Fokus op wat God doen –** God praat en stuur; God sorg en waarsku. God gee aan ons twee ore en een mond, sodat ons twee keer sal luister en een keer sal praat. Jakobus sê dit ook in Jakobus 1:19, in die konteks van konflikhantering: "... elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou te praat nie en nie te gou kwaad word nie". Dit gaan oor 'n gesindheid van aanvaarding en verdraagsaamheid en 'n leerbare gees. Maar na wie moet ons luister? Twee ore en een mond... Met die een luister ons na God en met die ander luister ons na mense; na God se wil en die pyn en nood en hartseer van mense.

**7. Antwoord met ons lewe** – Dit vra van ons 'n bereidheid om te luister = 'n leerbare gees; dit vra dat ons in biddende afhanklikheid die wil van God sal onderskei. Christene leef in voortdurende geloofsonderskeiding – wat beteken dat God deur sy Woord maar ook deur medegelowiges met ons praat. is jy bereid om werklik te luister – na die pyn en nood en behoeftes en insigte van ander mense, of volg jy maar net jou eie kop? En dan bo alles, om God se woord en lig oor jou lewe en optrede, hart en gesindheid te laat skyn?

**8. Bid nou saam**

- Word stil voor God en dank Hom dat Hy na ons gebede luister.
- Vra die Here om jou hart en gedagtes te ondersoek – hoe leerbaar is jy?
- Het jy al lank genoeg stil en verskrik tussen mense gesit en geluister na hulle seer en hartseer, pyn en omstandighede, of het ons so afgestomp, hardkoppig en selfsugtig geraak dat ons net ons eie situasie en behoeftes raaksien?
- Wat hoor jy sê die Here vir jou? Na wie stuur Hy jou om in sy Naam daar 'n verskil te gaan maak?
- Bid dat die Here vir jou en jou geliefdes en ons gemeente nie net 'n leerbare gees sal gee nie, maar ook die genade om daagliks in biddende afhanklike geloofsonderskeiding voor Hom te buig en sy stem en dié van ons naaste te hoor en daarop ag te gee.